



Mnr. Pieter Kruger, 'n boer in die Baviaanskloof, glo dit is die unieke aard van die Baviaanskloof wat die grondgebruikers tot die besef laat kom het dat die natuur hier hul grootste bate is en daarom reg bestuur moet word om dit te beskerm.

Foto: LIVING LANDS

HIDRO-PLAN

Baviaans gered ná misbruik

Rits kenners, boere werk om 'vloei' in kloof te herstel

MARISKA SPOORMAKER

Port Elizabeth

Verkeerde landboupraktike oor minstens die afgelope 30 jaar het die waterbronne in die Baviaanskloof só uitgeput dat 'n grootskaalse hidrologiese reddingsplan aangepak moet word.

“Die grondwatervlakke is rampsalig,” som mnr. Marijn Zwinkels, 'n omgewingskundige van die organisasie Living Lands, die situasie op.

Living Lands is een van talre instansies wat twee jaar gelede met intensiewe navorsing oor hoe die gebied herstel kan word, begin het. Die Nederlandse regering het R5 miljoen hiervoor bygedra. Ander medewerkers is die Baviaanskloof-landbouvereniging, Gamtoos-besproeiingsraad, die Oos-Kaapse Parkeraad, Werk vir Vleilande en die departement waterwese en bosbou.

Eerste op die agenda is om die alluviale gebiede, waar die snel vloeiende bergstrome ná reënbuie baie breër uitsprei sodra dit uit die nou klowe kom, te herstel.

“Dié grond is baie vrugbaar en was altyd ideale landerygebied. Destyds is daar kanale om dié gebiede gestoot om die skade van die vloedwater oor die landerye uit die berg te beperk,” het mnr. Japie Buckle, streekskoördineerder van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut, gesê.

Dié kanale het veroorsaak dat die stormwater uit die berge nie in die alluviale gebiede “gekalmeer” word nie



Waterbronne in die boerderygedeelte van die Baviaanskloofgebied is só uitgeput dat 'n grootskaalse hidrologiese reddingsplan nou aangepak moet word.

Foto: JAPIE BUCKLE

Ons het 'n kollektiewe besluit geneem om hierdie unieke gebied te restoureer en die bestuur van natuurlike hulpbronne te verander

en gevolglik die Baviaanskloofrivier teen 'n baie hoër spoed tref.

Dit laat die rivier weer baie vinniger loop en só word baie meer bogrond meegesleur en as slik in die Kougadam gedeponeer.

“Die sneller vloeiende rivier het homself ook dieper in die aarde gevreet, wat weer veroorsaak het dat die omliggende vleilande in droë tye op 'n hoër vlak as die rivier lê. Wanneer dit gebeur, “bloei” die vleiland homself dood omdat 'n watertafel altyd na die laagste vlak beweeg,” het Buckle bygevoeg.

Vleilande se voortdurende geleidelike vrystelling van water is noodsaaklik vir die aanvulling van ondergrondse waterbronne, asook die gelykmatige vloei van die rivier wat dit voed. Dit gebeur egter nie meer in die Baviaanskloof nie, en gevolglik raak die water vir landbou-

doeleindes al hoe skaarser.

Pleks om beter boerderygrond elders te gaan opsoek, het die twaalf bestaande Baviaanskloofboere besluit hulle bly en sal doen wat gedoen moet word.

“Ons het 'n kollektiewe besluit geneem om hierdie unieke gebied te herstel en die bestuur van natuurlike hulpbronne te verander,” het mnr. Pieter Kruger, boer van die Baviaanskloof, gesê.

Die idee is volgens Kruger om verder vorentoe met water van hoë gehalte (deur die herstellende vleiland en alluviale waaiers), heuning, koolstofkrediete (meer as 'n miljoen spekbome is al aangeplant) en toerisme te “boer”.

“Landbou sal nog 'n rol speel, maar die mikpunt is om 'n volhoubare ekonomiese model daar te stel wat in die toekoms vir die volgende geslagte tot voordeel kan wees,” het Kruger bygevoeg.